



Resensies / Reviews

- Van der Walt, B.J. 2007. **Transforming power: challenging contemporary secular society.** Potchefstroom: Van der Walt.
(A.W.G. Raath) 323
- Schoeman, Karel. 2006. **Kinders van die Kompanjie: Kaapse lewens uit die sewentiende eeu.** Pretoria: Protea Boekhuis.
(Johann Tempelhoff) 325
- Van der Smit, George Diederik. 2006. **Die eensame graf by Mombolo: die lewensverhaal van Pieter van der Smit.** Pretoria: Protea Boekhuis.
(O.J.O. Ferreira) 330
- Pretorius, Fransjohan. 2007. **De la Rey: die leeu van die Wes-Transvaal.** Pretoria: Protea Boekhuis.
(O.J.O. Ferreira) 333
- Van Niekerk, A.A. 2005. **Geloof sonder sekerhede: besinning vir eietydse gelowiges.** Wellington: Lux Verbi.BM.
(W.C. Coetzer) 334
- Duminy, Andrew. 2005. **Francois Renier Duminy 1747-1811.** Pretoria: Protea Book House.
(D.M. Groenewald) 337
- De Klerk, Jeanette & Bredenkamp, CorisaMarie. 2005. **Sweef jy of sink jy? Kreatiewe keuses wat 'n verskil maak.** Pretoria: LAPA Uitgewers.
(A.E. Blignault) 338



Resensies / Reviews

Transforming the social environment in a Christian way

Van der Walt, B.J. 2007. Transforming power: challenging contemporary secular society. Potchefstroom: Van der Walt. 441 p. Price: R150,00. ISBN: 978-1-86822-511-8.

Reviewer: A.W.G. Raath
Department of Constitutional Law and
Philosophy of Law, University of the Free State

The author covers the theme of transforming an increasing secular society in four sections, viz. transforming individuals and churches, transforming relationships to other religions, transforming a contemporary secular world, and transforming scholarship, sports and secular sexual ethics. The four sections comprise fifteen chapters in which the author addresses issues related to growing in faith, and faith development; the importance of friendship as a Biblical concept and reflections on inter-personal relations of friendship; the individual's vision on mission as an unlimited perspective in relation to everyone's task to witness and to do so in every profession and domain of life in restoring God's entire creation; the church's ability to understand itself in modern secular society with reference to both its role and identity; how the church should, on the one hand, be involved in societal life and, on the other hand, how it should – simultaneously – retain its own (Christian) identity; the diversity of religion and the efforts of secularism to isolate the religious aspect as something personal or private from the rest of life; the notion of equality of religions and human autonomy and the dangers in dissociating rights and duties from man's relationship with God; the uniqueness of Christianity and its emphasis on the redeeming power of faith in Jesus Christ; the tolerance of religion; the dangers of

secularism to South African society; what should be changed among Christians themselves to be able to face the challenge of secularism; the Kingdom of God and the notion of the organised church as an institution; the promotion of Christian education; how to practice Christian scholarship in different disciplines; the transformational paradigm and the need for knowledge of God's threefold revelation, a truly Christian worldview and an integral Christian philosophy; sexual ethics and the ethics of sport, and the active involvement of Christians transforming contemporary society.

The title of this book draws attention to the fact that the norms for social life are vanishing as a result of increasing secularisation. It presents the burning question as to how should Christians – in a growing secular context – influence social life because they cannot isolate themselves from their context, nor should they simply “accommodate” to a social life in which God's norms are ignored. The author then advocates a “third way”: Christians should try to *transform* their social environment. As such, the publication covers a wide field of secular tendencies and possible solutions to this phenomenon.

The particular merits of this publication flow from the clearly stated intention of the author: how to transform the increasingly secular culture and social life of today. He does not occupy himself exclusively with a discourse on the theoretical (and principal) problems attached to this issue, but succeeds in stating practical ways for the development of faith, how to practice Christian scholarship in the different disciplines and how Christians should fulfil their office in the diverse areas of life.

The style and contents of the book suggest that Christians who want to be of service to God and their fellow human beings, should find valuable information for living a life of love in various spheres of human existence. Although the layman may find it difficult to follow the theoretical arguments concerning the foundational principles of man's life in society, the style is simple enough to convey the essential message and purpose of the book. Academics, politicians, teachers, ministers and other “professions” should find it of much value in identifying the relevant principles for guiding Christians in public life.

The central theme of the book, secularism as a religion in contemporary South African society, is a highly relevant one. However, the domain of state-driven and legally fostered secularism as a catalyst for the secularist culture of current South African society does not

receive the attention one would have hoped for. Nevertheless, Van der Walt's *Transforming power: challenging contemporary secular society* is one of the most noteworthy publications in its field in recent years.

Woordkwit van 'n verledenswerklikheid

Schoeman, Karel. 2006. *Kinders van die Kompanjie: Kaapse lewens uit die sewentiende eeu*. Pretoria: Protea Boekhuis. 592 p. Prys: R200,00. ISBN: 978-1-86919-119-6.

Resensent: Johann Tempelhoff
Skool vir Basiese Wetenskappe,
Vaaldriehoekampus, Noordwes-Universiteit

Min skrywers in die Afrikaanse taal het in onlangse jare so veel soos Karel Schoeman gedoen om die ietwat verwaarloosde terrein van die Suid-Afrikaanse geskiedenis te bevorder. Benewens bronne-studies oor die Khoi-khoi, gewestelike geskiedenis en die letterkundige outobiografie het hierdie skrywer homself in sy skryfwerk onderskei in biografieë van mense van Europese afkoms aan die Kaap.

Kinders van die Kompanjie handel oor biografiese beskrywings van individue en groepies nedersetters. Hulle het hoofsaaklik in die sewentiende eeu in die klein kosmos van 'n koloniale nedersetting in Afrika (die Kaap) danksy, of nieteenstaande, die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie (VOIC), 'n klein maar belangrike tydperk in die wordingsjare van die toekomstige Suid-Afrika meegemaak.

Schoeman laat blyk dat die doelwit is om na aanleiding van Gerald Groenewald se indrukke, die kinders van die kompanjie wat kinders van die Kaap geword het, se lewenswandel te beskryf (p. 568). Ons het hier dus nie net te make met Renaissance-mense uit Europa nie, maar ook met inheemse mense van Afrika, mense uit die Ooste, en selfs dié wat 'n draai in die nuwe wêreld van Noord- en Suid-Amerika gemaak het.

As ervare skrywer van fiksie, beskik Schoeman oor die vermoë om 'n sterk verhalende trant vol te hou. Daar is 'n dun lyn tussen biografie en volwaardige geskiedskrywing. Vanweë die gebrek aan omvattende gegewens, is die skrywer dikwels aangewese op sekere

tendense wat uit die breë korpus van dokumentêre gegewens oor die samelewing in 'n bepaalde tydsfase beskikbaar is. Die doel is dan om leemtes te vul waar daar 'n gebrek aan gegewens oor die onderwerp van die biografie bestaan. Wat van Schoeman in hierdie boek meer historikus as fiksieskrywer maak, is die feit dat hy nie die grens van geskiedskrywing na kreatiewe letterkunde wil oorsteek nie. Veel eerder behou hy, so ver moontlik, 'n regstreekse verbinding met die beskikbare bronne-inligting. Dikwels werk dit tot nadeel van die verhaal. Die hoofkarakters verdwyn letterlik dikwels in die verhale. Dit laat sommige hoofstukke as lomp en onafgerond oorkom. Dit is een van die onbevredigende elemente in 'n andersins baie insiggewende studie waarin 35 hoofstukke propvol goeie historiese inligting deurgegee word.

Oor Schoeman se breë kennis van die Kaapse geskiedenis en die wêreld van die sewentiende-eeuse Europa bestaan daar min twyfel. Hy het goeie insigte rondom die wêreld van die VOIC en is ook vertrouwd met die belangrikste sekondêre materiaal oor dié tydperk. In die besonder is hy daartoe in staat om die leser op 'n baie verstaanbare manier in te lig oor die wyse waarop die Kaap in die groter raamwerk van die VOIC, Nederland en die Ooste, asook die ontwikkelende Europese kolonies in Afrika en Amerika inskakel.

Die skrywer, wat dikwels in die eerste persoon met die leser kommunikeer, verduidelik telkens watter probleme die historikus as storieverteller ondervind. Daar is mededelings oor die gebrek aan inligting, die feit dat hy grootliks op sekondêre materiaal aangewese is, en hoe maklik dit is om in 'n vorm van fiksie te verval. Die leser word ook bedag gemaak op sekere besluite wat geneem moet word om verhelderend biografiese inligting omtrent individue en groepe te kan gee. In hoofsaak gaan dit oor die hermeneutiese verkenningsproses waarmee hy besig is. Sonder om voorskriftelik te wees, gee hy gegewens deur wat van die leser 'n selfskeppende deelgenoot in die skep van indrukke uit 'n vergange era maak.

Dit is verfrissend om te merk dat Schoeman nie met allerhande modernistiese sosiaalwetenskaplike tierlantyntjies en teoretiese aannames van 'n menslike gemeenskap – met bepaalde ideologiese doelwitte – omgaan nie. Die afwesigheid van 'n prekerigheid oor die grootsheid van die samelewing, individue en die saak, maak hierdie 'n werk wat met groot vrug deur wetenskaplike historici geraadpleeg kan word. Wat opval is pogings om tot diepte-beskrywing (*deep description*) oor te gaan, soos die antropoloog Clifford Geertz (1926-2006), in die sestigerjare van die twintigste eeu met goeie gevolg gedoen het.

In die geheel kan *Kinders van die Kompanjie* gelees word as 'n kwilt deur die woordkunstenaar vervaardig. Die bolaag is 'n groepering van ryklik versierde illustrasies op die materiaal, wat die mense aan die Kaap verteenwoordig. Die basis, van dik linne, is die VOIC. Die lyne van garing wat daarop geborduur word, is selektiewe indrukke wat met die gare van die woord geskep word om 'n verindividualiseerde wêreld van aksente en verdigsels voor te hou. Die deken in die geheel, met sy komplekse gestikte lyne en patrone, is 'n gesamentlike beeld van 'n verledenswerklikheid.

Die leser word deel van 'n verkenningsreis in 'n omgewing van Merkantillistiese ondernemerskap wat in die sewentiende eeu, die eerste treë gee in die rigting van vroeë kapitalisme. Die VOIC is dan eintlik 'n multinasionale korporasie in 'n proto-globaliserende wêreld. Daar is onregstreekse aanduidings van hiërargievorming. Materiële bates en status in die samelewing sou teen die negentiende eeu, na aanleiding van teoretiese marxistiese kontekste, die weiveld van aannames oor klas en ras word.

Deurgaans word die individu teen die agtergrond van die alomteenwoordige VOIC as oppergesag in politiek en ekonomie beskryf, maar minder op die terrein van sosiale dinamika. Die onderneming probeer vergeefs om op 'n veranderende omgewing aan die suidpunt van Afrika te reageer. Dit gaan opsluit om wins-en-verlies en die noodsaaklikheid om die skyn van orde en waardes te handhaaf. Die doel is, institusioneel, om 'n gegoede samelewing in die noordelike halfrond ten bate te strek. Die kulturele dimensie van die menslike gees wat in 'n verwarrende materiële wêreld van die Kaap die beste daarvan afkom, is die individu as kunstenaar of wetenskaplike (Nicolaas de Graaff, p. 204-222; Pieter de Neyn, p. 257-267; die amptenaar Willem ten Rijn wat as plantkundige en antropoloog waardevolle gegewens nagelaat het, p. 277-282). Dit is hier waar die sosiale dinamika van die dag uit die kinders van die korporatiewe sisteem, kinders van die omgewing maak.

Die Kaap was 'n robuuste nedersetting in die sewentiende eeu. Die meeste van die inligting oor "gewone" mense, verduidelik Schoeman, dui op omstandighede van botsings met die owerheid. Dit gaan grootliks oor ongewenste handelinge. Kleurvolle beskrywings van mense soos Ariaentje Starrevelt (p. 417-436), Dorha die Khoileier (p. 317-346), en Sara (p. 241-256) en vryburgers (soos bespreek in die hoofstuk oor Thielman Hendrickx en Mayken van den Berg, p. 223-256) is moontlik gemaak deur die feit dat dokumentêre gegewens van oortredings in die owerheidsargiewe vir navorsing beskikbaar was. In skrilte kontras is die amptenaar Leendert van

Gijselen, wat vryburger geword het (p. 437-450). Hy dien as voorbeeld van die stille breë segment van gewone mense aan die Kaap, wat volgens die amptelike dokumente klaarblyklik dié tipe van lewe gelei het wat minder skouspelagtig was. Mense soos Van Gijselen is, weens 'n gebrek aan toereikende dokumentasie, deel van die onsigbare geskiedenis van die Kaap.

Schoeman beskryf met 'n sterk element van menslikheid, die Khoi-khoi aan die Kaap. Daar is sketse van Doman (p. 85-113), Oedaso en Ngonnemoa (p. 283-308), asook die reeds genoemde Dorha. Oral is daar in die teks aanduidings van samewerkingspogings, distansiering en vyandigheid tussen die Europeërs en die inheemse mense. Reeds in dié vroeë era van Westerse kultuurvaslegging is dit duidelik dat die inheemse mense die slagoffers geword het van 'n moderniteit wat min ruimte vir die gelykberegting van inheemse kultuur skeep. Van besondere waarde is ook die sketse van die vryswarte, Evert van Guinee (p. 393-402). Ondanks die klaarblyklike verdraagsaamheid teenoor mense van kleur wat bereid was om hulle plek in die samelewing vol te staan, was hulle uitgelewer aan 'n onregstreekse vorm van diskriminasie. Dit het hulle materiële vooruitgang moeilik gemaak. Veral die lewens van individuele slawe en hulle rol in die lewering van arbeid as produksiefaktor, word goed uiteengesit. Groepsbiografieë soos dié van die bandiete en bannelinge (p. 496-513) en die Hugenote (in die biografiese beskrywing van Pierre Simond, p. 469-495) word gebruik om indrukke oor die wel en wee van die mens in groepsverband uit te lig.

Kinders van die Kompanjie is 'n kwilt van kunstige borduurwerk in 'n skeppende, maar onopgesmukte skryfstyl. Met die uitsondering van moontlik Jan van Riebeeck (in 'n baie selfbewuste konteks) neig die skrywer selde daartoe om die mense in die verlede as helde te beskryf. Dit gaan eerder oor die alledaagse, die hartseer en die vreugde daarvan om 'n plekkie in die Kaapse son te kry. Dit maak nie saak of dit as bevoorregte kompanjiedienaars (met goeie kontakte in die verantwoordelike kringe van Amsterdam en die Ooste) is, of as doodgewone mense wat hulle lewens in 'n era van samelewingswording uitleef nie.

Enkele taalkundige en feitlike foute kom egter ook in die teks voor. Op p. 215 moet die datum 1886 byvoorbeeld eerder 1686 wees. Daar is soms sprake van lomp sinskonstruksie wat steurend op die leesgenot van 'n baie interessante werk is.

Ten slotte, die posisionering van Schoeman in die Suid-Afrikaanse historiografiese tradisie is besig om gestalte aan te neem. As deel

van 'n geslag skeppende skrywers wat 'n era van buitengewone samelewingsoorgang ervaar, is dit duidelik dat die eng en seksionele prioriteit van groepsidealisme nie in sy skryfwerk op die voorgrond geplaas word nie. In teenstelling met byvoorbeeld Gustaf Preller (1875-1934), wat as biograaf van die Voortrekkers aan die begin van die twintigste eeu die Afrikaanse groepsgenealogie voorop gestel het, skryf Schoeman oor die geskiedenis van 'n samelewing in wording. Dit is 'n tema wat op voortreflike wyse deur Richard Elphick en Hermann Giliomee reeds in die sewentigerjare op die historiografiese agenda geplaas is. Die enigste verskil is dat nou, meer as voorheen, 'n sterk selfbewustheid bestaan oor die plek van die individu in die geskiedenis. Daar is sprake van 'n versugting na persoonlike identifisering met 'n gewaande en/of prysenswaardige waarde-opvatting in die verlede. Hierdie is elemente van identiteit wat tans in die weegskaal is, gegewe die soeke na selfperspektief oor die hede. Daaruit moet 'n kompaslesing vir die toekoms kom. Betekenisvol is die feit dat Schoeman swaar steun op die Suid-Afrikaanse biografiese woordeboekreeks, wat gestalte gekry het in 'n era toe van owerheidsweë doelbewus gepoog is om die historiese nalatenskap van die land se mense in 'n standaard biografiese reeks saam te vat. Die hedendaagse historikus wat hierdie tipe bron raadpleeg, is geneig om met 'n mate van ironie kennis te neem van die wyse waarop tans, op die terrein van eie-tydse geskiedenis, gepoog word om verantwoording te doen van 'n andersoortige verlede wat altyd daar was, maar bykans onsigbaar op die agtergrond verby geskuif het. Vandaar dat Schoeman nouliks geneig is om tot gevolgtrekkings te kom. Hy is meer gerig op momentele beskrywings van byvoorbeeld 'n "bitter begin" en 1676 as 'n "Kaapse jaar". Die leser, wat net soos die skrywer vasgevang is in 'n kontinuum van gebeure in die hede wat nog lank nie afgesluit is nie, strewe na nie-voorskriftelike indrukke van die mens in die verlede. Wanneer hierdie indrukke as opgestapelde beskrywings aangebied word, is daar sprake van vergelykende geskiedenis-indrukke. Die opeenvolgende lae en gedagtelyne wat op die gestikte deken gebordu is, word 'n woordkunswerk van 'n groter en kleurrike verlede.

Intriges vir 'n draaiboek

Van der Smit, George Diederik. 2006. Die eensame graf by Mombolo: die lewensverhaal van Pieter van der Smit. Pretoria: Protea Boekhuis. 329 p. Prys: R180,00. ISBN: 1-919825-67-3.

Resensent: O.J.O. Ferreira (Emeritusprofessor)
Departement Historiese en Erfenisstudies,
Universiteit van Pretoria

Hierdie publikasie het oorspronklik in 1995 in 'n beperkte oplaag van 200 eksemplare onder die titel *Biografie en geslagsregister van Pieter van der Smit en eggenote Martha Maria (geb. Prinsloo)* die lig gesien en is deur 'n seun van Pieter van der Smit geskryf. Die uitgewer was later van oordeel dat die boek 'n groter leserspubliek verdien en daarom is die teks van die eerste uitgawe taalkundig en tipografies ingrypend geredigeer om die leesbaarheid daarvan te verbeter. In die huidige uitgawe is ook 'n bykomende hoofstuk deur Wynand Burger, 'n kleinseun van Pieter van der Smit. Daarin word 'n pelgrimstog na Angola in 2003 en besoeke aan Pieter van der Smit se huis en eensame graf by Mombolo aangrypend verhaal. Hierdie pelgrimstog is deur 'n filmspan van kykNET, onder leiding van Marius Bakkes, verfilm en later as "Padlangs deur Angola" gebeeldsend.

Die eensame graf by Mombolo kan as 'n tipe bronnepublikasie beskou word. Dit bestaan hoofsaaklik uit volledige briewe of uittreksels uit korrespondensie, dagboekinskrywings en ander tersaaklike dokumente wat deur die slim, koppelende teks van die outeur in die boek tot 'n hegte eenheid saamgeweef is. Pieter van der Smit was ook 'n fotograaf en in die boek is talle van sy treffende en sprekende foto's opgeneem – wat elkeen sy eie storie vertel.

Die hoofkarakter in die boek is Pieter van der Smit (1878-1921), 'n Nederlander wat te Zevenhuizen, Suid-Holland, gebore is en wat sy opleiding as onderwyser aan die Christelike Normaalschool te Bodegraven ontvang het. Sy byna obsessiewe hunkering om 'n onderwyser in die Zuid-Afrikaansche Republiek te word, is verwezenlik toe hy in 1898 'n aanstelling as hoof van die plaasskool op Waaikraal ontvang het. Met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) het Van der Smit nie gehuiwer om die wapen vir die Republiek op te neem nie. Hy het die eed van getrouheid aan die Z.A.R. afgelê en het dus stemgeregtigde burger van Transvaal

geword. In sy dagboekie het hy opgeteken hoe die oorlogssituasie aan die begin van 1900 aan die verskillende fronte vir die Boere begin skeef loop het. Hy is deur die Engelse krygsgevangene geneem en as uitlander via Oos-Londen aan boord van die *Hawarden Castle* na Nederland gedeporteer, maar sy passie vir Afrika het desnieteenstaande nie gewyk nie. Tydens sy verblyf in Transvaal het hy van die Dorlandtrekkers se vestiging in Angola verneem en in 1901 besluit om hom by hulle as onderwyser op Humpata aan te sluit. Op 5 Mei 1902 het hy met “een van die mooiste en knapste meisies”, Martha Maria Prinsloo, in die huwelik getree; ’n egverbintenis waaruit ’n tiental kinders gebore sou word, maar waarvan sommige met groot hartseer as gevolg van malariakoors of ander siektes aan die dood afgestaan is. Na ’n heftige stryd met die voorsitter van die skoolkommissie, Gert Alberts, het Van der Smit besluit om Humpata te verlaat en op Que by Caconda met ’n skool te begin. Om ekstra geld te verdien, het hy later ’n transportryer, boer, algemene handelaar en fotograaf geword en hom aanvanklik op Bihé by Belmonte en uiteindelik by Mombolo gevestig. Dáár het hy met ds. Pieter Biewenga, die predikant van die Gereformeerde Kerk, swaarde gekruis en na die stigting van ’n gemeente van die Hervormde Kerk, onder leiding van ds. Pieter van Drimmelen, by dié kerk aangesluit.

Op Maandagaand 2 Desember 1901 het Van der Smit op Humpata in ’n brief aan sy vriend J. Slappendel in Nederland onder meer die volgende betekenisvolle woorde geskryf: “... as die Here wil, hoop ek om hier die stamvader te word van die geslag Van der Smit in Afrika en in Afrika my graf eens sal staan ...” – versugtings wat albei bewaarheid is en wat treffend in dié boek beskryf word. Toe hy in 1921 op 42-jarige leeftyd gevoel het dat sy einde naby was, het hy eiehandig sy eie begrafnisbrief opgestel en die begrafnisreëlings in fyn detail op skrif gestel. Na sy dood het Van der Smit se weduwee met haar tien kinders van Mombolo na Humpata verhuis. Dit was moeilike tye en sy was arm. Dit is dus nie vreemd dat sy haar vier jaar later met ’n Suid-Afrikaanse burger, Christiaan de Jager du Preez, in die huwelik begeef het nie – maar dié egverbintenis was tot mislukking gedoem. Uiteindelik het Martha Maria van der Smit en haar kinders hulle in 1928 in die omgewing van en op die dorp Outjo gevestig. ’n Hoofstuk word ook gewy aan die Huldigingsfees van die Dorlandtrek op Humpata in 1957, die skrywer W.A. de Klerk se betrokkenheid daarby en ’n besoek aan Pieter van der Smit se graf deur sy weduwee en sommige van die kinders.

Die eensame graf by Mombolo het in die eerste plek die lig gesien om ’n belangrike familiegeskiedenis aan die vergetelheid te ontruk,

maar dit het veel meer geword. Die boek verskaf kostelike kultuurhistoriese inligting aangaande die lewe op die platteland in Transvaal teen die einde van die negentiende eeu. Die outeur beskryf in detail die huis waarin Van der Smit geloseer het en die aard en lewenswyse van die Boeremense. Die boek slaan byvoorbeeld die mite die nek in dat alle Boeregesinne so gereeld huisgodsdienste gehou het, want op 'n vraag van sy ouers of daar ná ete Bybel gelees word, antwoord Van der Smit: "nie so gereeld nie ...". Sy beskrywing van die lewenswyse en wel en wee van die Dorstrandtrekkers in Angola is egter van nog groter belang en *Die eensame graf by Mombolo* is ongetwyfeld 'n waardevolle toevoeging tot die redelik beperkte aantal publikasies wat oor dié Afrikaners in die vreemde handel.

Die eensame graf by Mombolo, netjies uitgegee in hardeband, behoort 'n wye leserskring te geniet. Vir historici en kultuurhistorici wat in die "Afrikaners in die vreemde" belangstel, is dit feitlik verpligte leesstof. Kerkhistorici sal in hierdie boek ook heelwat stof vind oor die onverkwiklike "kerkstryd" wat selfs in die verafgeleë Angola onder Afrikaners voorgekom het. Diegene wat in die historiese opvoedkunde geïnteresseerd is, sal die gedetailleerde inligting aangaande plaasskole in Transvaal en Angola boeiend vind. Die onderhoudende briëfskrywer, Pieter van der Smit, sal egter enige leser boei en somtyds ontroer wanneer hy in sy briewe opgewonde en vol lewensvreugde is, maar ook wanneer hy in dieptes van ellende verval en die hartseer byna ondraaglik geword het. *Die eensame graf by Mombolo* is dié soort boek waarvan 'n volwaardige Afrikaanse speelfilm gemaak behoort te word.

De la Rey, De la Rey ...

Pretorius, Fransjohan. 2007. De la Rey: die leeu van die Wes-Transvaal. Pretoria: Protea Boekhuis. 80 p. Prys: R100,00.
ISBN: 978-1-86919-176-4.

Resensent: O.J.O. Ferreira (Emeritusprofessor)
Departement Historiese en Erfenisstudies,
Universiteit van Pretoria

'n Jaar gelede was Bok van Blerk (Louis Pepler) 'n totaal onbekende sanger. Toe sing hy die lied "De la Rey", wat 'n nasionale histerie veroorsaak en deur sommige mense aangegryp word as 'n teken van die herontwaking van Afrikanernasionalisme, terwyl liberales die lied diskrediteer en demoniseer deur dit aan die sogenaamde verregse politiek te koppel. Die sanger was waarskynlik self verbaas oor die opspraak wat die lied verwek en die geld wat as gevolg daarvan ingestroom het. Die lied se meesleurende melodie, eenvoudige woorde en sterk en treffende koorgedeelte is waarskynlik vir die sukses daarvan verantwoordelik.

Generaal Koos de la Rey, een van die bekwaamste en eerbaarste Boeregeneraals, verdien dat daar 'n vererende lied oor hom geskryf en gesing word, maar onwillekeurig het 'n mens by die aanhoor daarvan gewonder hoeveel van die mense (Bok van Blerk ingesluit) wat so deur die lied opgesweep raak, weet wie De la Rey was. Gelukkig het die land se voorste kenner van die Anglo-Boereoorlog (1899-1902), Fransjohan Pretorius, tot die redding van die "Volk" gekom en blitsvinnig 'n publikasie saamgestel waarin generaal De la Rey se eerbaarheid as mens en bekwaamheid as leier en strateeg bondig saamgevat is. Protea Boekhuis het die boek uitgegee en siedaar, die beskeie Boeregeneraal is oornag een van die beroemdste Afrikanerhelde. Soos Pretorius in sy voorwoord skryf: "Generaal Koos de la Rey sou waarskynlik geamuseer of verbaas gereageer het op die ophef wat tans van hom gemaak word."

Die inhoud van *De la Rey: die leeu van Wes-Transvaal* vertel die verhaal van die Boeregeneraal chronologies. Omdat die Anglo-Boereoorlog sy glorietyd was, is dit te verstane dat die grootste gedeelte van die boek aan hierdie tydperk in De la Rey se lewe gewy is. Deeglike vakman wat hy is, het Pretorius nie voor die versoeking geswig om in 'n publikasie soos hierdie De la Rey tot 'n "heilige" te verhef nie, maar ook op sy tekortkominge gewys. Hoewel die boek

betreklik maklik lees, is die leser steeds daarvan bewus dat die inhoud op grondige navorsing berus en dat akkuraatheid nie ter wille van populariteit prysgegee is nie.

De la Rey: die leeu van Wes-Transvaal het tydig verskyn. Die keurige publikasie, met sy talryke foto's van De la Rey en sy tydgenote, kaarte van veldslae waaraan die generaal deelgeneem het en sjarmante sketsies wat uit vroeëre publikasies oor die Anglo-Boereoorlog oorgeneem is, is kennelik ter inligting van die breë publiek geskryf en uitgegee. As sodanig slaag die publikasie uitmuntend. Dit beteken nie dat historici die inhoud nie informatief sal vind nie; trouens, dit vat De la Rey se lewe in 'n handige neutedop saam. En dit alles het ons aan die sanger, Bok van Blerk, en lirieskrywer, Sean Else, te danke!

Waarín/waaraan glo moderne mense?

Van Niekerk, A.A. 2005. **Geloof sonder sekerhede: besinning vir eietydse gelowiges.** Wellington: Lux Verbi.BM. 256 p.
Prys: R99,95. ISBN: 0 7963 0386 X.

Resensent: W.C. Coetzer
Skool vir Kerkwetenskappe,
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

In die eerste hoofstuk van hierdie boek verduidelik die outeur waarom hy meen dat dit noodsaaklik is om in ons tyd nuut en meer eietydse te dink oor aspekte van die geloof. Hy stel dit duidelik dat die geloof wat hy in hierdie boek ondersoek van meet af bepaal word deur die ervaring van twyfel en onsekerheid. Na Hoofstuk 1 volg twee hoofafdelings. In die eerste een word perspektiewe ontwikkel op die aard en inhoud van die geloof. Hier gaan dit oor 'n verantwoordelike lees van die Bybel (Hfst. 2); hoe ons oor God behoort te dink (Hfst. 3); 'n meer praktiese denke oor geloof (Hfst. 4); en die aanvaarding van verantwoordelikheid vir ons medemens (Hfst. 5). Die tweede afdeling handel oor die praktiese implikasies van die geloofsbeskouing soos bespreek tot hiertoe. Die volgende vyf vraagstukke word vervolgens hanteer: God en lyding (Hfst. 6); armoede en VIGS (Hfst. 7); die verhouding tussen geloof en wetenskap (Hfst. 8); die biomediese revolusie en die etiek van lewe (Hfst. 9); en die eindigheid en realiteit van die dood (Hfst. 10). Heelwat aspekte

binne die laaste vyf hoofstukke word op 'n vars, kreatiewe en prikkelende wyse geformuleer en aangebied.

Van Niekerk distansieer homself pertinent van die *Nuwe Hervormers*, deur aan te toon dat hy 'n ander weg as hulle opgaan (p. 10). Ondanks sy pogings om hierdie stelling te begrond, bly dit egter baie moeilik om 'n grondige onderskeid te kan identifiseer tussen hom en die *Nuwe Hervormers* – veral in die lig van uitgangspunte soos die volgende:

- “Die tradisionele belydenisskrifte van die gevestigde kerke bevat myns insiens 'n hele aantal artikels wat nog kwalik ernstig opgeneem kan word deur moderne mense” (p. 16).
- “... die Christelike kerk se skeppings- en sondeleer wat vandag 'n yslike verleentheid geword het” (p. 16).
- “... die onsinnige vashou aan 'n letterlike interpretasie van Bybelgedeeltes wat klaarblyklik in mitologiese vorm gegiet is soos die Noag-verhaal en die boek Jona” (p. 17).
- “Van moderne mense kan werklik nie verwag word om te glo ... dat Adam en Eva, stamouers van die ganse mensdom is nie ... en dat hulle 'n tydperk in 'n volmaakte paradys geleef het” (p. 17).
- “Daar is aspekte van die kerklike belydenis ... wat onmoontlik geword het om ernstig op te neem ... een daarvan is die sondeleer, en met name die leer van die sogenaamde ‘erfsonde’” (p. 17).
- Dit is vir hom onverstaanbaar waarom die letterlike opvatting van 'n maagdelike geboorte nog vir die kerk belangrik sou wees (p. 18).
- Die idee van 'n “ewige lewe” met die betekenis van “vir altyd lewe”, is 'n probleem (p. 228).
- Die idee van lewe na die dood is 'n probleem (p. 230).
- Sekere Bybeldele laat hom koud, soos byvoorbeeld Abraham wat vir Isak moes offer (Gen. 22) en die impak van Jefta se belofte aan God ten opsigte van sy dogter (Rigt. 11); (p. 45).
- “Ek is 'n mens en 'n skrywer met min sekerhede” (p. 24). Van Niekerk spreek ook sterk bedenkinge uit teen aansprake op te veel sekerheid.

Teenoor bovermelde uitgangspunte kom Van Niekerk tog dan weer met tipies tradisionele formuleringe soos die volgende:

- Op p. 53 maak hy die stelling: “Tog hou ons vas aan daardie Woord.”
- “Ek is deel van ’n tradisie wat oor God praat op voetspoor van wat ek glo die wyse is waarop Hy Hom in ’n konkrete geskiedenis van reddende, heilbringende handeling in die wêreld geopenbaar het ... wat uiteindelik sy finale selfopenbaring vind in die historiese persoon van Jesus van Nasaret, waarvan die Nuwe Testament getuig” (p. 77).
- “Christene is mense wat oor God praat soos Jesus oor Hom praat en wat daarby glo dat, as ons wil weet wie God is, ons in eerste en laaste instansie moet verwyl by die Man van Nasaret, dié een in wie die ganse Christelike Kerk, volgens die Twaalf Artikels, glo as God soos aan ons geopenbaar – God-in-die-vlees, Immanuel: God-met-en-vir-ons” (p. 96).
- “Die geloof is gerig op sekerhede wat ’n mens nie kan prysgee sonder om jou basiese identiteit as mens in gedrang te bring nie ... die sekerhede van die geloof kan daarom nie na willekeur verander of vervang word sonder om jou basiese, rigtinggewende identiteit as mens daarmee op die spel te plaas nie” (p. 186).

Uit bovermelde twee stelling uitsprake wil ’n mens die indruk kry dat Van Niekerk op twee stoele probeer sit. Vir die leser kan dit egter baie verwarrend wees – veral gesien in die lig van die duidelike aanvanklike oogmerk met die boek, naamlik dat dit gerig is op mense wat wil weet dat hulle geloof sáák maak vir hulle lewe hier en nou (p. 9). Die boek behoort meer weerklank te vind by die hoogs intellektuele leser wat bloot teoreties oor die Woord en oor God wil debatteer en filosofer. Vir die gelowige wat op grondvlak worstel met ’n wêreld wat ineengestort het, of ’n krisis om brood op die tafel te kry, kan ooglopende teenstellings soos die bovermelde egter slegs bydra tot verdere verwarring.

Francois Renier Duminy

**Duminy, Andrew. 2005. *Francois Renier Duminy 1747-1811*.
Pretoria: Protea Book House. 192 p. Price: R300,00.
ISBN: 1-86919-060-2.**

Reviewer: D.M. Groenewald
University of Pretoria Archives

Already in the preface of his book on his ancestor (great-great-great-grandfather), Andrew Duminy's passion for his family's history becomes evident. He masterfully combines this enthusiasm with sound historical research, which makes this a book of interest not only for Francois Renier Duminy's descendants, but also for more serious scholars as well as the general public.

The first chapter covers Duminy's origins in the French harbour town of Lorient. Already here it becomes very clear that the author went to great lengths to clear up certain "mysteries" surrounding Duminy, and to ensure that the information provided is correct.

The next two chapters deal with Duminy's career as sea captain in the service of the French East India Company, his marriage and settlement in the Cape.

Duminy left the employ of the French East India Company and after a few years of self-employment, he joined the Dutch East India Company in 1781. Being stationed in the Cape, he undertook various voyages exploring and charting the southern African coastline. This is covered in Chapter four and here the author manages to provide the necessary technical information on the topic, without compromising the readability of the book.

The British occupation of the Cape in 1795 and 1806 had a great impact on Duminy's life, which is discussed in Chapter five. Chapter six focuses on his wife, Johanna, with excerpts of her diary (*Duminy Dagboeke* published by the Van Riebeeck Society, 1938). Chapter seven, entitled *Last Years: 1806-1811* gives a critical overview of Duminy's achievements and his legacy.

Chapter eight will be of particular interest to the Duminy descendants and gives a complete genealogy of the first four generations. In Chapter nine the various papers and heirlooms of Duminy and Johanna are listed and discussed.

Throughout the book the author provides additional information on aspects pertaining to Duminy's life, such as slavery, the Masonic movement and the various ships Duminy commanded, just to mention a few. These inserts, combined with numerous photographs, illustrations and maps, bring the text alive and give the reader a wonderful insight into the way of life of European settlers at the Cape in the 18th century.

As already mentioned, the book is well researched, with footnotes, a very impressive list of sources, which includes primary sources (manuscript and published) and secondary sources ranging from theses, books, journals, newspaper and website articles, as well as family reminiscences, and an index to allow easy reference to specific subjects.

Kreatiewe denke maak wel 'n verskil

De Klerk, Jeanette & Bredenkamp, CorisaMarie. 2005. **Sweef jy of sink jy? Kreatiewe keuses wat 'n verskil maak.** Pretoria: LAPA Uitgewers. 176 p. Prys: R89,95. ISBN: 0 7993 3531 2.

Resensent: A.E. Blignault
Meetsetshehla Secondary School,
Limpopo Onderwysdepartement

Sweef jy of sink jy is 'n boek vir die vrou van vandag – die vrou wat graag wil groei en verander tot 'n lewe van 'n beter mens. Die vrou wat bereid is om te leer en 'n behoefte het om kreatiewe keuses te maak, sal hierdie boek stimulerend vind en waarde daaruit kan haal. Die skrywers help die leser deur die proses van selfaanvaarding, om drome te droom en om vlerke te gee aan haar drome. Met behulp van hierdie boekie sal die leser leer hoe om ongeskonde uit kommunikasieknoppe te kom en om die skeppende krag van woorde te ontdek.

Nie alleen is hierdie werk 'n lekker hanteerbare slapbandboek, wat met gemak enige plek gelees kan word nie, dit is ook mooi gebind en lesersvriendelik, en nooi die leser om dit te lees. Die persoonlike aanslag, met die handgeskrewe voorwoord, spreek tot elke leser – so asof die skrywers persoonlike vriendinne is. Met die hoofstukke wat in praktiese “vlieglesse” ingedeel is, leer die leser stap-vir-stap

hoe om van 'n plat-op-die-aarde bestaan haar vlerke te lig en op te styg. Ook die struikelblokke en vlerke wat knak of 'n swak landingspoging word hanteer. Wie is daar wat nog nooit swak landingspogings moes deurstaan nie! Die *hoe* en *wat daarna* is egter die kuns wat die leser moet bemeester. CorisaMaria en Jeanette maak gebruik van die lewenslesse van suksesvolle vroue soos Bertha Cronjé, die bevindings van effektiewe mense soos geleer uit Steven Covey se *Seven habits of highly effective people*, en aanhalings uit 'n verskeidenheid motiveringswerke, om hulle wenke en raad te ondersteun.

'n Lang lys boeke wat die leser kan help om kreatiewe keuses te maak, haar drome te voed, haar brein beter te gebruik, emosionele pyn draaglik te maak of, om as dit donker word, die lewe in die oë te kyk, word aan die einde van elke hoofstuk (of *vliegles*) gegee. Ook die video's en films wat op die mark is om die vrou met hierdie vaardighede te help, word in 'n lys aangeheg.

Die vroulike aanslag waarmee die skrywers met die moderne vrou praat, word beklemtoon deur interessante resepte wat op vriendelike handgeskrewe wyse aan die leser bedien word. Ook gedigte en aanhalings uit die Bybel dra by tot die geloofwaardigheid van die boek.

Die taalgebruik in die boek is eenvoudig en op die man af. Dit is maklik verstaanbaar en die leser word nie toegegooi en oorweldig deur akademiese terme en ingewikkelde begrippe nie. Die taalgebruik is beslis gemik op enige vrou wat belangstel in die inhoud, alhoewel sommige van die Engelse aanhalings die leser, wat nie dikwels Engels lees nie, dalk soms na 'n woordeboek sal laat gryp.

Sweef jy of sink jy? Kreatiewe keuses wat 'n verskil maak, is beslis nie vir die oppervlakkige Olga's van die lewe nie. Net so min sal die persoon wat op soek is na goedkoop vermaak of soetsappige stories hierdie boek geniet. Om waarde uit die boek te kry, moet die vrou 'n behoefte hê om te groei, om haarself en ander te leer ken en om, waar nodig, aan haarself te werk. Die vrou wat glo dat sy alles kan doen, alles weet en foutloos is, sal waarskynlik hierdie boek neersit en as snert afmaak.

Vir die persoon wat soek na sin in die lewe en antwoorde op lewensvrae, wat bereid is om te waag en te werk, bied hierdie boek 'n praktiese, opwindende en kreatiewe antwoord wat haar lewenskwaliteit beslis sal verbeter, haar in staat sal stel om op te styg en te sweef.

